Hulp vir moeë dominees

Deon Loots *se persoonlike missie is om mense op hulle geestelike reis te begelei op 'n pad van dissipelskap en navolging van Christus.*
E-pos: dissipel@gmail.com

Wanneer 'n predikant by 'n gemeente instap, word sy of hy outomaties gesien as 'n leier en geestelike begeleier.

Dit is doodgewoon so dat lidmate van hulle leraars verwag om leiding te gee op geestelike gebied en om hulle ook op hulle eie geestelike reis te begelei. Dit veronderstel egter dat jy iets verstaan van die reis en dat jy self erns maak met jou eie geestelike reis.

Ongelukkig is dit so dat ons nie altyd so goed in ons opleiding hiervoor voorberei word nie. Jare gelede was geestelike begeleiding en geestelike formasie 'n baie noodsaaklike deel van teologiese opleiding. Ek praat van nog lank vóór die Reformasie, toe hierdie opleiding grootliks in kloosters plaasgevind het. Ons weet egter dat die klem (veral ná die Verligting), baie meer na die rede oorgeskuif het, na begrip, na kennis en insig, sodat al minder aandag aan die student se eie persoonlike geestelike reis en vorming gegee word.

Die gevolg is dat studente in gemeentes opdaag met 'n groot klomp teoretiese kennis, met heelwat teologiese insig en 'n goeie begrip van die nuutste sieninge en tendense in die teologie. Dit op sigeself help egter nie baie wanneer jy dan gevra word om mense op hulle geestelike pad te begelei nie. Jy beland boonop nog maklik in 'n spesifieke gemeente met 'n spesifieke verhaal waar mense 'n eiesoortige siening en verwagting van "hulle dominee" koester – dikwels ook nog gemeet aan een of ander vorige "amper volmaakte" leraar.

Dominees wil ook graag goed doen en "suksesvol wees" in hulle bediening. Baie val gevolglik in die slaggat om grootliks te probeer voldoen aan mense se verwagtings. Dit is nie lank nie of die dominee se dagboek is oorvol, die werksdae word ál langer, die aansprake groter, die tyd vir selfversorging en vir sy eie gesin ál minder.

'n Nóg groter probleem doen hom voor: Tyd om by God stil en alleen te word, tyd vir refleksie en wag op die Here se leiding, raak steeds minder. Die lewe word 'n dolle gejaag om by "alles uit te kom". Saans sak jy moeg by die huis neer met dié wete: "Ek het toe nooit by tannie Sannie of oom Piet uitgekom nie, en ek wou nog 'n draai by die hospitaal ook gemaak het. Ai, wat gaan hulle nou weer van my dink? Dan moet ek nog Sondag se preek ook maak. Sal ek óóit die mas hier opkom?"

Onmoontlik om dan iemand geestelik te begelei

Dit kan later gebeur dat jy kwaad raak vir "die mense met hulle onbillike verwagtinge". Jy probeer so hard, maar "niks werk nie, want niemand wil regtig saamwerk nie." Jy voel moeg, oorwerk, niemand waardeer jou regtig of sien raak wat jy alles insit nie. Jy begin so stadigaan moedeloos raak met hierdie "ondankbare klomp mense". Jou innerlike lewe het 'n plek geword waar jy broei en gis, waar jy ander blameer en jouself ook soms verguis.

As jy eers dáár is, is dit onmoontlik om enigiemand geestelik te begelei. Dan het jy self iewers op die reis perspektief verloor. Jy het veral die vermoë om raak te sien en te onderskei waarmee God besig is, verloor.

Geestelike begeleiding begin dus deur aan jou eie geestelike reis aandag te gee. As jy self nie leer om op só 'n manier by God uit te kom dat jy emosioneel en geestelik kan groei en volwasse word nie, kan jy nie andere op dié reis begelei nie.

Daar is baie duidelik 'n groeiende bewuswording hiervan in die kerk in die breë. Daarom is daar wêreldwyd 'n terugkeer na en vraag vir die geestelike dissiplines soos Skrifmeditasie (vergelyk die Luisterseisoen hier by ons), kontemplasie, daaglikse ondersoek, die beoefening van God se teenwoordigheid (vergelyk iemand soos "Brother Lawrence"), gereelde gesprekke met jou eie geestelike begeleier en die dissipline om met groter aandag te lewe.

Die dissipline om met groter aandag te lewe, vra dat ons sal leer om "stadiger" te leef, met 'n groter bewustheid van wat binne onsself, ons eie gedagtes en emosies besig is om te gebeur, maar ook rondom onsself. Dit vra van ons om die dissiplines van sekere ritmes in ons lewe in te fasseer wat ons hiermee kan help. Dit is dinge soos die daaglikse ondersoek, die sabbat en jaarlikse afsondering om oor my lewe te reflekteer. Die doel daarmee is om te kan onderskei waarmee God besig is "and to get that awareness into my bones" (Eugene Peterson).

Sonder hierdie innerlike versorging, is geestelike begeleiding nie moontlik nie. Robert Wicks stel dit so: "And so, the interior life then is not an imaginary or psychotic world. It is not a place to run to so we can pout, brood, fantasize revenge, or to ruminate over things as a way to mentally beat ourselves up. Instead, as we have seen it is a place of self-knowledge, self nurturance, challenge, and solid peace. It is a place that will not only be our strength, but also one that we can offer to others. When our interior life is strong, our attitude toward others is gentle. When our inner life feels nourished, our hearts can be open to other's pain."

Vir myself het hierdie reis begin toe ek ongeveer 19 jaar terug seer, verward, bitter, kwaad en teleurgesteld voor God gesit het en gevra het: "Wat verwag U van my? As ek dan nie moet rondhardloop om almal tevrede te probeer stel nie, wat moet ek doen?" Toe kom die gedagte duidelik na vore: "Al wat Ek van jou vra, is om my kind te wees!" Wat 'n bevryding!

Kort daarna het ek ervaar dat God dit op my hart lê om mense op 'n pad van dissipelskap te begelei, want dit was tog sy opdrag aan die kerk: "Maak die mense my dissipels ..." (Matt 28). Oor die jare het dit uitgeloop op 'n pad van geestelike begeleiding van gelowiges – 'n pad wat ook groot aanpassings ten opsigte van my eie geestelike reis en versorging gevra het. Dit het mettertyd op so 'n manier ontwikkel dat ek mense nou dissipelskapmodules (wat nie 'n kursus is nie, maar die aanleer van 'n leefwyse) op hulle geestelike reis deur verskillende fases begelei tot:

- groter emosionele en geestelike volwassenheid;
- 'n dieper verstaan van jou eie unieke roeping en bediening;
- 'n meer kontemplatiewe leefstyl en die aanvaarding van 'n eie lewensreël *(rule of life);* en
- 'n lewe van onderskeiding.

Hierdie dissipelskapsproses kan as hulpmiddel dien vir leraars wat self 'n

pad van groter onderskeiding verlang en die begeerte het om ander op hulle geestelike reis te begelei. Indien jy moeg, oorlaai en moedeloos voel, maar tóg die begeerte het om mense op ’n sinvolle manier geestelik te begelei, is jy welkom om my te kontak vir meer besonderhede oor dié reis.

Dit is belangrik om te verstaan dat dissipelskap as geestelike begeleiding nie net nóg ’n “program” in die gemeente kan wees wat jy vir iemand anders kan gee om “uit te toets” nie. Dit is ook nie iets wat jy kan byvoeg by jou “to do”-lysie nie. Dis egter ’n keuse wat jy kan maak om self ’n pad van geestelike onderskeiding en groei te begin loop en ook ander mense op so ’n pad te begelei.